
Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.




*In die party-politiek word mislukkings van die owerheid as propagandastof verwelkom*

*In die volksbeweging word mislukkings van die owerheid as volkskade betreur.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 29 JULIE 1942. No. 38.

# Hoe Die Mediese Diens In Ons Republiek Sal Lyk

## Armoede Mag Gesondheid Nie Beïnvloed

**Die taak van die mediese diens in die Republiek en hoe dit diensbaar gestel moet word aan veral die armer volksgenote, word deur genl. dr. F. D. du Toit van Zyl in die jongste uitgawe van Wapenskou kortliks behandel. Hy skryf:**

Groot dele van ons bevolking is weens armoede nie in staat om gebruik te maak van bestaande mediese geriewe nie. Dit is moeilik om die mate van lyding, vermeerderde armoede en verdere ekonomiese verminking te beskryf wat hierdeur veroorsaak word. Die staat maak wel voorsiening vir kostelose vervoer en vir vrye hospitaalbehandeling. Dog die moeilikhede wat die pasiënt in die weg gelê word — soos dit in die praktyk uitwerk, waar die omslagtighede van ons staatsdiens in werking tree — en die versuim wat plaasvind as ook gebrek aan hospitaalgeriewe, werk almal saam om dit vir die behoeftige sieke baie moeilik te maak om sy gesondheid te herwin. Hierdie gebreke van die huidige stelsel tref veral die plattelander wat ver van die groot hospitale woon. Die vraagstuk is egter nie net een van siekte nie. Dit is veel meer een van lyding weens gebrek aan die noodsaaklike dinge van die lewe, omdat ons tans nie 'n behoorlik gekoördineerde sosiale of welsynsdiens het in samewerking met die mediese diens nie. As die broodwinner by voorbeeld siek is, word geen voorsiening gemaak om intussen in die dringende behoeftes van die familie te voorsien nie.

Daar is 'n tweede klas wat amper nog erger ly onder ons teenswoordige stelsel. Dit is die beter bemiddelde man wat in normale omstandighede redelik goed kan lewe dog nie in staat is om die laste van onverwagte siekte te dra nie. Die man wat weens sy beter (dog nie rojale) inkomste, posisie of eergevoel nie kan of wil gebruik maak van vry instellings nie, word dikwels deur die koste wat siekte meebring, en die meegaande verlies aan inkomste ekonomies geruïneer.

**Een Oplossing.**

As ons die probleem ontleed, is daar net een gevolgtrekking te maak, nl. dat dit 'n saak van ponde, sjielings en pennies is. Daar is ook net een oplossing en dit is dat die volkstaat van die toekoms 'n sosiale staat moet wees waar al die rykdom wat deur die arbeid van die volk voortgebring word, nie deur 'n paar ingesamel sal word nie, maar aangewend sal word om die lewenspeil van die volk as geheel te verhef. Daarbenewens sal die staat volle verantwoordelikheid dra vir die gesondheid van elke burger op dieselfde wyse wat die staat verantwoordelikheid vir primêre onderwys op hom geneem het.

**Dit is in belang van die staat (en dit is die reg van die burger) dat nòg armoede nòg posisie of selfs omstandighede soos afgeleë lokaliteit onderskeid sal maak in die gehalte van gelewerde dienste. Daarom moet die nodige voorsiening gemaak word om spesialiteitsdienste aan elkeen beskikbaar te stel.**

Die staat se verantwoordelikheid strek ook tot diegene wat die dienste moet lewer. Voorsiening moet gemaak word dat medici 'n leefbare inkomste het, ontspanningstyd kry en nie 24 uur elke dag op diens hoef te wees nie. Veral moet gesorg word vir 'n behoorlike pensioen.

Gesonde mededinging moet gehandhaaf word en bevordering moet geskied volgens verdienste en nie volgens senioriteit nie. Veel kan in hierdie opsig gedoen word deur die pasiënte die „vrye keuse van dokter" onder gesonde beheer te laat behou.

Die wyse waarop sulke dienste gefinansier moet word, is nie hier ter sprake nie. Ons gaan uit van die standpunt dat die staat verantwoordelik is vir die gesondheid van sy onderdane en dus die middele daartoe moet vind.

**Verantwoordelikheid.**

Die tweede groot gebrek waaraan ons mediese dienste ly is gebrek aan persoonlike verantwoordelikheid en koördinasie in die bestuur daarvan. Verantwoordelikheid word tans verdeel onder die Unie-Regering, die Provinsiale Administrasies, die munisipaliteite en die Afdelingsrade. En onder die Unie-Regering is daar nog verskillende departemente wat elk 'n stuiwer in die beurs te gooi het, nl. die Departemente van Volksgesondheid, Volkswelsyn en Opvoeding. Verdeelde verantwoordelikheid lei tot ontduiking van verantwoordelikheid. Die resultaat in hierdie geval is verwarring, persoonlike lyding en volksagteruitgang.

In die gesagstaat van die toekoms kan soiets eenvoudig nie voortbestaan nie. Soos in ander dienste moet daar ook 'n eenheids- en verantwoordelikheidsleiding in ons mediese diens geskep word. Verantwoordelikheid moet gelaat word in die hande van 'n deskundige bygestaan deur adviserende rade verteenwoordigend van alle takke van die diens en verwante dienste.

Waar die staat die verantwoordelikheid van die gesondheid van sy onderdane op hom neem, is die noodwendige konsekwensie dat die onderdaan in 'n sosiale staat sy verantwoordelikheid teenoor die volk moet nakom ten opsigte van sy eie sowel as die gemeenskaplike gesondheid. Dit beteken dat die staat van elke onderdaan as ook vreemdeling kan en moet eis om gebruik te maak van die geleenthede wat die staat hom bied om gesond en sterk te wees. Van die staat word verwag om die bes moontlike voorsiening te maak ten einde (a) siektes te genees; (b) die positiewe gesondheid van die volk te bevorder by wyse van voorligting, voorkomende behandeling, heilgimnastiek, ens., en (c) epidemiese, aansteeklike en oorerflike siektes te voorkom.

**Suiwerheid van Bloed.**

Daarom sal die staat die reg hê om enige persoon te dwing om sy persoon te onderwerp aan regstreekse wetenskaplike behandeling vir enige kwaal wat vir homself 'n las is, hom as staatsburger onbekwaam maak of 'n gevaar vir sy medemens maak. Om dieselfde rede sal daar sonder genade teen enige vorm van kwaksalwery opgetree word. Oorerflike siektes sal, sover dit moontlik is, deur afsondering en ander weten-

(Vervolg op bls. 2, kol. 1)

## GROOTRAAD UITGEBREI

**'n Uiters belangrike vergadering van die Grootraad het op 16 en 17 Julie te Bloemfontein plaasgevind. Een van die belangrikste besluite raak die uitbreiding van die Grootraad, waaroor ons in ons volgende uitgawe meer besonderhede hoop te verstrek. Voorlopig kan meegedeel word dat prof. L. J. du Plessis as hoof van die O.B.-beleidsafdeling reeds die vergadering bygewoon het, en dat verdere uitbreiding goedgekeur is. As sekretaris van die Grootraad in die plek van genl. J. C. J. van der Westhuisen, wat geïnterneer is, is benoem hoofgenl. prof. dr. A. J. H. van der Walt van Potchefstroom. Ook hy het die sitting bygewoon.**

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

*Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag*

GEBRUIK

LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP—
DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

*'n Produk van*
LEVER BROERS.

**DIE GOEIE HOOP**
(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.
Voortrekkerweg, Bellville. Foon 9-7184.
V I S
Hoofweg, Durbanville. Foon 60.
KRUIDENIERSWARE — LAAGSTE PRYSE.
MANS- EN DAMESKLERASIE.
DIE BESTE — DIE GOEDKOOPSTE.

**MARKAGENTSKAP**
**Vroeë Môre-Mark**
KAAPSTAD
*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*
Beste Heersende Pryse.
*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: Gustav Retief.
Telefoon 2-0212.

**La Belle Alliance**
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
*alle moderne geriewe*
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF.
Foon 2-8888
*Ons Ontmoet alle Treine.*
Kloofstraat, Kaapstad.

# Prokureur-Generaal Roep Dr. Malan As Getuie In Teen O.B.-Leier

## Drie Afrikaners Verban uit Rhodesië Weens Opposisieleier se Aanklagte

**Mnr. J. C. Muller, wat pas in die Unie aangekom het nadat hy vyf maande in 'n Noord-Rhodesiese tronk gesit het en daarná uit die land verban is, skryf die volgende uit Johannesburg aan Die Vaderland:**

Ek het op 9 Julie hier aangekom uit die tronk op Livingstone, Noord-Rhodesië, waar ek vyf maande lank agter tralies gesit het — twee maande afsonderlik opgesluit en drie maande saam met misdadigers. Toe is ek uit die land verban.

Ek is op 7 Februarie kragtens die Noodregulasies gearresteer. Op 4 Maart is my appèl deur 'n geregtelike kommissie verhoor. Die aanklag teen my was dat ek leier en stigter van die O.B. in Noord-Rhodesië is en voornemens is om sabotasie te pleeg. Op Dingaansdag sou ek nl. in Lusaka anti-Brits en ondermynende taal gebruik het. By die ondersoek is ek nie toegelaat om getuies te roep of om getuies van die Staat te ondervra nie daar hulle beslis geweier het om die bronne van hulle inligting bekend te maak. **Die prokureur-generaal het die volgende verklaring, wat hy as die sterkste rede vir my inhegtenisname bestempel het, voorgebring: „Jou man, dr. D. F. Malan, het twee keer die Regering van die Unie gewaarsku teen die Ossewabrandwag, en veral teen sy binnekringe. As so 'n man, leier van die Opposisie in die Unie, die O.B. as gevaarlik bestempel, dink jy dat Noord-Rhodesië oogluikend moet toesien dat dit in hierdie land voortgeplant word?"** Baie dankie, dr. Malan!

Ek en twee ander Afrikaners het vyf maande in die tronk gesit en toe daar toe nog geen sabotasie plaasvind nie, is ons uit die land verban en moes alles prysgee wat ons die afgelope 20 jaar opgebou het. **Dit het ons aan dr. Malan te danke.**

Toe ons hier afklim, merk ek in die pers dat dr. Malan die volk oproep om genade te vra vir Afrikaners wat hy beskryf as „nie sy mense nie." Ek wonder of dr. Malan nie ten behoewe van my en my mede-bannelinge ook 'n beroep sal doen om in ons behoeftes te voorsien nie. Ons is immers ook „nie sy mense nie." Of sou hy dink die interneringskamp is, uit sy oogpunt beskou, die veiligste plek vir ons?

Ek hoop net die Afrikanerdom se oë sal gou oopgaan tot die besef dat die O.B. in dr. Malan se oë die grootste gevaar is, nie soseer vir die Regering nie as vir die kapitalistiese demokratiese party-politiek. Moet asseblief nie mense eers doodslaan en dan by hulle begrafnis gaan huil nie!

**GEVRA**
50000 Afrikaners wat graag hul eie tabak wil rook en wat hul handelaar om „Patriot" sal vra!
VOORBRAND TABAKMAATSKAPPY (Edms.) Bpk.
Kommissarisstraat 200,
JOHANNESBURG.

*AFRIKANER-KLEREMAKER!*
Foon 5-1486
● Vir u volgende Pak ● Billike Pryse
● Werk Gewaarborg ● Beste Materiaal
N. C. KOCH
Soutrivierweg 52 — Soutrivier

*HIER IS DIT NOU!*
**DIE STEM VAN DIE VOLK**
Deur N. G. S. VAN DER WALT.
*Prys 1/6 Posvry.*
Die doel van hierdie werkie is tweërlei: *eerstens* om die toestand onder die verworde demokratiese stelsel soos ons dit vandag dwarsdeur die wêreld aantref, in verhaaltrant uit te beeld op 'n Afrikaanse agtergrond, en *tweedens* om met die verkoop daarvan die O.B.-Fondse te sterk.
**6d. op elke eksemplaar wat verkoop word, gaan vir die O.B.-Fonds.**
In hierdie skerts op die Britse demokratiese stelsel word die euwels wat die Party-stelsel kenmerk op helder en boeiende wyse aan die kaak gestel. Die inhoud is leersaam en pakkend.
Help met die verspreiding van hierdie nuttige werkie deur u bestelling sonder versuim (voor 8 Augustus) te plaas by u plaaslike Kommandant(e) of direk by die uitgewers:
**PRO ECCLESIA-Drukkery,** Posbus 28 Stellenbosch
Kommando's word versoek om Eksemplare te bestel vir verkoop op 8 Augustus.

Ons Posbestelling Afdeling
Beweeg daeliks.
Om u self te oortuig
Bestel van Ons
K.M.B.
FLUWEEL RYBROEKE
netjies afgewerk met leer.
£4-15/-.
Sportbaadjies vanaf 35/-.
Sajetbroeke vanaf 21/-.
Mansskoene vanaf 27/6.
Manspakke vanaf 105/-.
Doen u inkope by
SILVA (Edms.) Bpk.
MANS EN SEUNS UITRUSTERS
ORION-GEBOU
Voortrekker-Weg 386 A
CAPITAL PARK
PRETORIA

DIE O.B., WOENSDAG, 29 JULIE 1942.

# Die Verkiesing

Volgens uitlatings van 'n paar Ministers en berigte in die pers, is daar sprake van 'n algemene verkiesing aanstaande jaar indien toestande gunstig lyk vir die Regering. Terwyl daar nog genoeg tyd is om kalm te dink oor so 'n gebeurtenis, ag ons dit ons plig om die Ossewabrandwag se houding in so 'n geval te verduidelik.

Die voering van 'n verkiesingstryd, parlementêre optrede en party-politieke aksie is beslis nie die taak en funksie van die Ossewabrandwag as organisasie nie. Dit is in tansbestaande omstandighede, solank as wat die Brits-parlementêre regeringstelsel nog in Suid-Afrika bestaan, funksies waaroor politieke partye onder mekaar wedywer om te vervul. Hulle is die eleksiemasjineries wat teen mekaar te velde trek deur stemme te soek by die stemgeregtigdes in die land. Elkeen probeer en slaag dan ook daarin om 'n klomp stemme vir hul onderskeie kandidate te kry.

**Die Ossewabrandwag as dié republikeinse volksbeweging kan hom nie as organisasie inspan vir daardie bedrywigheid sonder om die taak en werksaamhede van die party oor te neem nie, en hy is beslis geen politieke party nie.**

Die vraag wat ons teenswoordig van partykant gestel word, nl. wat die O.B. gaan doen as 'n algemene verkiesing mag plaasvind, is aan die verkeerde adres. Dit is 'n vraag wat kiesers aan hul partye moet stel wat toegespits is op eleksiebedrywigheid en nie aan 'n volksorganisasie wat geen sodanige funksie soek te beoefen nie.

As opregbedoelende republikeinsgesinde partye in hul eleksievoerende taak Afrikaner-volksbelang en die bevordering van 'n christelik-nasionale republiek eerlik en goed wil probeer behartig, sal hulle nie vyande maak van mede-Afrikaners van wie se stemme hulle afhanklik is nie, maar vriende wat hulle as mede-republikeine daardie stemkrag wat hulle verlang, kan gee.

Die O.B. soek nie verdeling van republikeinsgesinde Afrikaners in onder mekaar vegtende kampe nie, want langs daardie weg kan geen republiek verkry word nie. Om hierdie rede moet die vraag in verband met die verkiesing nie tot die O.B. gerig word nie.

Of daar wel 'n verkiesing gaan wees, is 'n ander vraag wat in enige geval tog nie, soos dit nou al skyn te wees, as 'n twisappel in die midde van die volk gewerp moet word nie.

Ons kan nie help nie om baie sterk te twyfel of die Smutsregering daartoe sal oorgaan om 'n verkiesing uit te skryf. Hierdie Empire-aanbidders is daarop uit om die oorlog deur te sien, **en waar sommige van hulle bereid was om te rebelleer as Suid-Afrika onsydig in die oorlog sou staan, is dit ondenkbaar dat hulle goedsmoeds afstand sal doen van hul bewind. Dit is beslis makliker om met 'n parlementêre gevolg die kieswet te verander as om met 'n deel van die bevolking tot 'n rebellie oor te gaan.** Ons kan dus met veiligheid aanneem dat veldm. Smuts 'n verkiesing aanstaande jaar sal uitskryf slegs wanneer hy honderd persent oortuig is dat hy **sterker** uit die stryd tevoorskyn sal tree. Indien daar enigsins twyfel oor die uitslag bestaan, sal hy geen verkiesing hou nie, maar by geleentheid van die volgende sitting die wet verander.

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van voorgaande kolom)

As in aanmerking geneem word dat die lewe van die Provinsiale Rade reeds vir die duur van die oorlog verleng is en selfs stadsrade weier om verkiesings te hou, kan met die grootste sekerheid aangeneem word dat ons vir die duur van die oorlog geen verkiesing sal belewe nie. Die feit dat Sapministers van 'n algemene verkiesing praat, is slegs bedoel om groter geesdrif aan te wakker in die geledere van 'n party wat besef dat sy oorlogsdade meer en meer die lojaliteit van sy eie ondersteuners ondermyn.

In Engeland sowel as in Nu-Seeland is die parlementêre verkiesings dan ook vir onbepaalde tyd uitgestel. Suid-Afrika sal nie 'n uitsondering wees nie.

## VRIENDSKAPSENTRUM OP PAARL

In navolging van Kaapstad en Malmesbury het die O.B.-kommando van Paarl daartoe oorgegaan om 'n vriendskapsentrum te open. Die opening vind plaas op Vrydag, 1 Augustus, om drie-uur die middag. Die kamer is voorlopig langsaan Hoofweg 277, dwars in die weg.

Vrydagmiddae vergader die naaldwerkkring, terwyl daar Saterdae in die oggend tee verskaf sal word.

# Dr. Malan Bereik Net Teenoorgestelde Waarna Hy Strewe

**„AS alle Afrikaners saamstaan, is dit nie nodig om langer onder die Britse vlag te lewe nie.** Dit kan vir sommige swaar wees om die O.B. of die ander groepe vaarwel te sê en na die party terug te keer. **Terwille van volkseenheid moet dit egter gedoen word."**

Hierdie paragraaf uit die toespraak van 'n H.N.P.-parlementslid is 'n kort samevatting van dr. Malan se politieke beleid. Dit is die beleid van 'n „gevierde volksleier" wat voorgee dat hy die alleenreg het om die republiek te bring en die republiek ook werklik sal bring, al moet dit „sommer vanself kom" soos sy plaasvervanger in Transvaal onlangs verduidelik het.

Die **voorwaarde** wat dr. Malan stel vir vryheid is **eenheid**. Ten einde eenheid te verkry, **verklaar hy oorlog teen 'n menigte Afrikaanse organisasies waaronder die grootste wat die geskiedenis van ons land nog geken het.**

**Het hy nou eenheid verkry? Elke kind sal kan antwoord dat daar GROTER VERDEELDHEID gekom het.**

**Dr. Malan se eenheidsbeleid wat moes dien as MIDDEL waarmee die vryheid verkry moet word, was dus 'n hopelose mislukking, ja so 'n mislukking dat hy nou maar hoop dat die republiek „sommer vanself" sal kom.**

**Watter hoop het die volk dat 'n man wat VERDEELDHEID verkry wanneer hy EENHEID soek, die REPUBLIEK sal verkry?**

## FONDSDAGVIERING

VAN

GENERAALSKAP — BLOEMFONTEIN

***op 8 Augustus te***

**ESTOIRE**

(Derde Hoef in Vierdelaan)

van 9 v.m. tot 9 n.m.

Hoofspreker: H/Generaal ds. J. S. STANDER

Voorsitter van die Grootraad.

**GOEIE NUUS — BRANDWAGTE**

**Jukskei**

No. 1 Generaalskap bied aan 1ste en 2de pryse hoogste punte in 10 gooie. 1ste en 2de pryse 4 beste spelers vir die dag. 1 Spesiale prys vir die beste 4 dames.

Skyfskiet, en toutrek 8 in een span.

Braaivleis, pannekoek, ligte verversings.

Asook die opvoering van DIE OSSEWA.

KOM GENIET DIE FUNKSIE EN STEUN ONS SAAK!!

**HAVENGA SE MOTORS**

Agente vir

**CHEVROLET en PONTIAC**

MOTORKARRE

Goeie en billike bediening

Posbus 45 — CERES

*Pas Verskyn:*

**Van Aangesig tot Aangesig**

**Nuwe Roman van C. M. van den Heever**

*Gevierde Afrikaanse Skrywer*

Dis 'n moderne roman uit die lewe van 'n kleindorpse gesin. 'n Ontroerende beeld van 'n man wat eindelik van aangesig tot aangesig te staan kom voor die werklikhede van sy eie, gehuigelde lewe.

Dis Van den Heever se grootste menseskepping. 'n Grootste Roman diep geput uit die polsende lewe.

'n Roman van C. M. van den Heever is altyd 'n literêre gebeurtenis van belang.

Hierdie werk bring sy kuns op 'n nuwe, hoër toppunt.

*Prys 8/- en 8/6 posvry.*

Bestel van—

*DIE KAPPIE-BOEKHANDEL*

Spoorbondkasgebou - De Villiersstraat 15

JOHANNESBURG.

# Hitler Moes Selfde Vervolging Van Partypolitici Verduur as O.B.

**Tot hoe 'n groot mate die stryd van die Ossewabrandwag as die draer van die nuwe ontwaking ooreenstem met dié wat deur Hitlerse beweging in Duitsland gevoer is teen die ou partypolitici, blyk uit die volgende aanhaling wat ons neem uit 'n boek wat deur 'n Engelsman geskryf is wat taamlik onpartydig, dog hoegenaamd nie simpatiek teenoor Duitsland staan (Unfinished Victory, deur Arthur Bryant, bls. 252):**

„Hierdie vooruitgang is bereik in die aangesig van die uiterste teenstand. **Die ou partye,** wat nog die bewind in hande gehad het, het gevoel — en miskien nie sonder rede nie — dat die opkoms van die Nasionaal-sosialiste **hul eie** bestaan bedreig. **Die Nasionaal-Sosialistiese leiers is dikwels die vryheid van spraak ontsê, hul partykantore deursoek en deur die polisie gesluit, en hul koerante telkens belet of onderdruk. (Dink maar aan die boikot van die Ossewabrandwag deur die Afrikaanse Party-pers wat selfs weier om sy advertensies te plaas).** Daar is vergeet dat die ondemokratiese behandeling wat die huidige regeerders van Duitsland sedertdien op drastiese wyse uitgemeet het, op hulle toegepas was in die dae toe hulle geworstel het om mag en blote bestaan. Die draadloos was feitlik heeltemal gesluit vir hulle. **Die gevestigde belange van hoë finansiers en die burokrasie was teen hulle . . . .** Daar was distrikte in die hoofstad en die nywerheidsdele waar dit selfmoord was vir 'n ondersteuner van Hitler om sy gesig op straat te wys sonder behoorlike beskerming van sy makkers." (Ons dink aan die brutale aanranding in ons strate op baarddraers wat aangesien is vir die Ossewabrandwag.)

So erg was die teenstand dat Göbbels in 1932 geskryf het: „Die reg van vrye spraak in hierdie mees vrye demokrasie skyn af te hang van 'n sertifikaat van goeie gedrag wat deur die Polisiehoofkwartier uitgereik word."

Die boek vermeld egter nie of Hitler se volgelinge ook maandelank sonder verhoor opgesluit was nie. Miskien is hierdie behandeling net uitgemeet deur die vryer demokrasie van Suid-Afrika wat „baie vryer is as die gewese Boererepublieke".

**Met hierdie feite in gedagte kan 'n mens nou verstaan waarom Sy Majesteit se Regering en Sy Majesteit se Opposisie (of die „alternatiewe Regering" soos hulle hulself ook noem) die Ossewabrandwag so bitter vyandiggesind is. Hul eie bestaan word bedreig — so voel hulle.**

## ROMP SOEK KOPBEEN OP

### Man en Vrou Stap 8 Myl om Lidmaatskap te Hernu

Ons het onlangs aangetoon hoe die Party groei deur die name te plaas van o.a. vier „nuwe" lede wat by die tak Tuine aangesluit het, naamlik dr. en mev. D. F. Malan en adv. en mev. F. C. Erasmus.

Ongeveer op dieselfde wyse word die Ossewabrandwag doodverklaar. As voorbeeld hiervan kan genoem word die geval onlangs op Albertinia. Die kommandante, mev. H. G. van Rensburg, het navraag by 'n paar persone gedoen omtrent hul lidmaatskap. 'n Paar dae daarna kom mnr. en mev. Van Zyl van Platbos aangestap na die kommandante — **'n afstand van 8 myl.** Mev. Van Zyl bring haar ledegeld saam en verklaar dat sy baie graag lid wil bly. Haar man was net so begerig om lid te wees, maar verklaar dat hy eers die 3/- moet gaan verdien. **Hy deel toe mee dat lede van die Party in hul omtrek die lidmaatskapkaartjies ingesamel het met die mededeling aan die O.B.-lede dat die Ossewabrandwag nie meer bestaan nie. Nou verneem hy dat dit nie waar is nie, en hy vra verskoning dat hy agtergebly het.**

Hierdie paar O.B.-lede sou volgens die Party uit die O.B. bedank het sodat net die „kopbeen" oorgebly het. Nou blyk dit egter dat hul geesdrif vir die beweging nog so groot is dat hulle agt myl te voet aflê om hul lidmaatskap te herstel!

## UITGELEWER AAN DIE KOMMUNISME?

### Sensor Besorgd oor Waarskuwing Teen Wêreldpes

'n Tydjie gelede het ons bondgenootskap met bolsjewistiese Rusland ons Regering beweeg om 'n Russiese konsul met 'n lywige personeel in ons land vuurwarm uit Moskou te verwelkom. Hierdie apostels van ongeloof en wêreldrevolusie se werk is glo om Rusland se handelsbelange in die Unie te behartig — 'n werk wat voor die oorlog blykbaar as oorbodig beskou was. Tans dat daar geen handel met Rusland is nie, word hierdie manne toegelaat. **Vir elkeen behoort dit duidelik te wees dat hierdie verteenwoordigers van kommunistiese Moskou nou niks anders as staatserkenning ontvang het vir propagandawerk onder ons naturelle en kleurlinge wat voorheen oogluikend toegelaat is.**

Hoe die bondgenootskap met Rusland ons Regering meer en meer in die arms van die Kommunisme dryf, blyk verder uit die houding wat die Hoof-sensor tans begin inneem teen anti-kommunistiese propaganda. In die hoofartikel van die Katolieke Kerkblad „Catholic Times" word die volgende feit aangestip: **„Hoewel die Catholic Times of South Africa totsover nog nie deur die sensor verbied is om eie menings te plaas nie, wil ons graag ons lesers in kennis stel dat ons verwittig is van die sensor se besorgdheid oor die volharding waarmee ons die Bolsjewisme aangeval het."**

**'n Kerkblad mag dus nie meer teen die goddelose Kommunisme waarsku nie sonder om besorgdheid by die Regering te verwek!**

Oor die propagering van 'n bolsjewistiese swart Republiek is ons Regering nie besorgd nie, maar wel oor die waarskuwing teen so 'n gevaar!

## DIE SLEUTEL?

Hoofkomdt. J. A. Hurter van George het onlangs die volgende vergelyking gemaak:

By baie huise kry 'n mens 'n groot portret van dr. Malan met die volgende daarby: **„Glo in God; glo in jou volk; glo in jouself."** Dit is blykbaar dr. Malan se leuse vir homself en sy volk.

Dr. Van Rensburg weer onderskryf ons leuse: **„My God, my volk, my land S.-A."**

Volgens die twee slagspreuke is daar dus net een verskil nl. dat dr. Van Rensburg hom beroep op sy land, Suid-Afrika, en dr. Malan beroep hom op sy geloof in homself.

Die twee manne staan vandag in verskillende kampe. Gee hul leuses nie ons die sleutel tot hul verskille nie?

## DISSIPLINE

### WERK IS NOOIT 'N SKANDE NIE

„Arbeid adel" is 'n ware gesegde ten spyte daarvan dat die kapitalis dit al so uitgebuit het in ons land dat die ware betekenis daarvan vir ons verlore geraak het. Hoe gering 'n werk ook al mag lyk, as dit onselfsugtig en in belang van jou naaste of jou volk verrig word, is dit veredelend. Onlangs het hoofgenl. L. Bootha die gees waarin 'n goeie O.B.-lid sy werk verrig besonder raak beskryf in die volgende woorde: **„As ek dan die vloerlap moet wees waarmee die vloere van my volk se huis blinkgevryf moet word, dan wil ek graag 'n goeie vloerlap wees."** Die O.B.-lid moet alle eiebelang offer vir sy volksbelang — geen werk is te laag of te gering om vir sy volk te verrig nie.

Dikwels hoor mens nog „dis kafferwerk; ek doen dit nie." Tog bestaan daar nie soiets as „kafferwerk" nie. In ons eie vrye Boererepubliek sal ons bereid wees om enige werk te doen, al is dit ook wat, want dit sal werk wees vir **ons** Republiek. Ons sal God dank dat Hy ons gekies het om vir ons volk strate te vee as dit nodig is — ons sal Hom dank vir die geleentheid, die krag en gesondheid wat Hy ons gee om die werk vir **ons** Republiek te doen.

Die kapitalis het die idee van „kafferwerk" geskep, want daardeur het hy die ongeskoolde arbeider laat voel dat hy homself verlaag as hy die sogenaamde „kafferwerk" doen en omdat elke Boer streef na 'n beter lewe het hy 'n groot deel van die arbeidsveld aan die kaffer oorgelaat. Op die manier het die kapitalis goedkoop arbeid verkry en terselfdertyd die Boer wat nie 'n vakman was nie, uitgedruk en hom werkloos op die straat gelaat. As jy eers sonder verdienste in die stede is, gaan jy gou agteruit, word jy totaal verarm en raak diep in die skuld — en dis net waar die kapitalis ons wil hê. Dan sit hy in die posisie om ons uit te buit — ons moet op skuld en die huurkoopstelsel leef en hy trek sy rente op jou swaarverdiende geldjies.

## HERDENK 8 AUGUSTUS

In verband met die viering van 8 Augustus word offisiere en brandwagte daarop gewys dat die dag sover as moontlik herdenk moet word in die gees soos voorgestel in die program van die Vrouehoofde, gepubliseer in Die O.B. van 27 Mei. Die bekende Psalm 130, wat so dikwels in tye van volksbenoudheid deur ons voorouers gesing was, moet dan dwarsdeur die land weergalm.

## WAT DAN . . . ?

Ons merk dat sen. A. M. Conroy êrens op een van sy ministeriële omswerwinge 'n nuwe raad in die vooruitsig gestel het wie se taak dit sal wees om uit te maak wie 'n „sleutelman" is en wie nie. **„Dan sal ons presies weet wie vir en wie teen ons is,"** het die ampsdraer in 'n partyregering triomfantlik uitgeroep.

Dat die Sap-regering in sy radeloosheid die toevlug neem tot die skepping van 'n legio rade kan ons goed verstaan. Maar ons sal graag die volgende vraag wil stel — indien die noodregulasies dit toelaat: As die Regering nou vasgestel het wie teen hom is en wie nie, wat dan?


VAN ZYLS

HOOFSTRAAT PAARL

MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS

*Voorsieners in Sportbenodighede*

GROOT VERSKEIDENHEID TENNIS-RAKETTE

| | | | |
|---|---|---|---|
| MAXPLY FORT | £4 5 0 | FRED PERRY SPECIAL | £3 15 0 |
| MAXPLY TOURNAMENT | £4 2 6 | SWIFT STROKE | £3 15 0 |
| PLATTELAND | £3 15 0 | CLUB | £2 15 0 |
| PLATTELAND JNR. | £1 7 6 | KING | £1 15 0 |
| ALICE MARBLE | £3 15 0 | OLYMPIC | £1 12 6 |
| ALICE MARBLE JNR. | £2 15 0 | | |

HERSNARING VAN RAKETTE £1-15-0 — BESTE SNARE.

SKRYF AAN ONS VIR 'N KATALOGUS.

OOK OP — — PORTERVILLE

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geinterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 3,863 | 2 | 6 |
| Loxton Manne- en Vroue-Kommando .. .. | 5 | 0 | 0 |
| Mev, S. J. van Schalkwyk, Worcester .. .. | | 10 | 0 |
| Mev. D. J. du Plessis, Worcester .. .. .. | | 10 | 0 |
| Lyste Nos. 104, 419 en 420 Manne-Kommando van Rhynsdorp | 7 | 12 | 0 |
| Mev. J. Coetzee, Velddrift .. .. .. .. .. | | 9 | 0 |
| Mev. M. C. Visser, Velddrift .. .. .. .. | | 6 | 0 |
| Petrusville Manne- en Vroue-Kommando .. | 10 | 3 | 0 |
| Lys No. 298, Moorreesburg .. .. .. .. .. | 4 | 15 | 6 |
| | £3,892 | 8 | 0 |

Die bedrag van £14 wat in ons uitgawe van 8 Julie verskyn onder die naam **Manne- en Vroue-Kommando's Goudini**, moet **Caledon** lees.

### TRANSVAAL. — TOT 11 JULIE.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 6,302 | 18 | 10 |
| Kwitansie No. 2391 H/Kommandantskap 4A | 7 | 10 | 0 |
| ,, ,, 2392 Kommando 3C1 .. .. .. | 15 | 0 | 3 |
| ,, ,, 2393 Kommando 2A2 .. .. .. | 2 | 15 | 0 |
| ,, ,, 2394 Kommando 2A5 .. .. .. | 2 | 15 | 1 |
| ,, ,, 2395 Kommando 8B6 .. .. .. | 8 | 1 | 6 |
| ,, ,, 2396 Kommando 14A5 .. .. | 5 | 0 | 0 |
| ,, ,, 2397 Kommando 13B4 .. .. | 15 | 15 | 6 |
| ,, ,, 2398 Genraalskap 12 .. .. .. | 9 | 19 | 9 |
| ,, ,, 2399 Kommando 3B2 .. .. .. | 10 | 2 | 6 |
| ,, ,, 301 Asst. Veldkornetskap 2C3 | 5 | 6 | 5 |
| ,, ,, 302 Kommando 2A2 .. .. .. | 1 | 16 | 0 |
| ,, ,, 303 Kommando 4B1 .. .. .. | 2 | 4 | 6 |
| ,, ,, 304 Kommando 2A1 .. .. .. | 5 | 14 | 0 |
| ,, ,, 305 Kommando 13B1 .. .. | 7 | 5 | 0 |
| ,, ,, 306 Kommando 4A4 .. .. .. | 6 | 1 | 6 |
| ,, ,, 307 Kommando 4B4 .. .. .. | 10 | 0 | 0 |
| ,, ,, 308 Bydrae .. .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| ,, ,, 309 Kommando 4B5 .. .. .. | | 10 | 0 |
| ,, ,, 310 Kommando 1C6 .. .. .. | 11 | 12 | 6 |
| ,, ,, 311 Kommando 3C5 .. .. .. | 6 | 10 | 0 |
| ,, ,, 312 Bydrae .. .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| ,, ,, 313 Kommando 2A .. .. .. | 2 | 3 | 0 |
| ,, ,, 314 Kommando 2B5 .. .. .. | 2 | 11 | 4 |
| ,, ,, 315 Kommando 2A2 .. .. .. | 2 | 8 | 6 |
| ,, ,, 316 Kommando 4C6 .. .. .. | 2 | 5 | 0 |
| ,, ,, 317 Kommando 4B2 .. .. .. | 2 | 4 | 0 |
| ,, ,, 318 Bydrae .. .. .. .. .. .. | 7 | 0 | 0 |
| ,, ,, 319 Kommando's 2A5 en 2A6 | 3 | 0 | 0 |
| ,, ,, 320 Bydrae .. .. .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| ,, ,, 321 Kommando 3C4 .. .. .. | 11 | 2 | 6 |
| ,, ,, 322 Bloedrivier Jukskeilaar .. | 4 | 15 | 0 |
| ,, ,, 323 Bydrae .. .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| ,, ,, 324 Kommando 3B1 .. .. .. | 2 | 2 | 6 |
| ,, ,, 325 Generaalskap 12 .. .. | 2 | 0 | 0 |
| ,, ,, 325 Kommando 12A1 .. .. | 2 | 13 | 0 |
| ,, ,, 325 Kommando 12A2 .. .. | 3 | 18 | 0 |
| ,, ,, 325 Kommando 12A5 .. .. | 14 | 7 | 3 |
| ,, ,, 325 Kommando 12B2 .. .. | 6 | 11 | 3 |
| ,, ,, 325 Kommando 12B4 .. .. | 3 | 1 | 0 |
| ,, ,, 326 Kommando 4C6 .. .. .. | 2 | 2 | 0 |
| ,, ,, 329 Kommando 9C3 .. .. .. | 3 | 14 | 9 |
| ,, ,, 331 Kommando 9A2 .. .. .. | 2 | 18 | 0 |
| ,, ,, 333 Kommando 3B6.. .. .. | | 13 | 3 |
| ,, ,, 335 Bydrae .. .. .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| ,, ,, 336 Bydrae .. .. .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| ,, ,, 337 Kommando 13C2 .. .. | | 18 | 6 |
| ,, ,, 338 Kommando 4C .. .. .. | 7 | 11 | 6 |
| ,, ,, 339 Kommando 3C2 .. .. .. | 11 | 17 | 6 |
| ,, ,, 340 Kommando 3C6 .. .. .. | 4 | 0 | 0 |
| ,, ,, 341 Kommando 2B .. .. .. .. | 2 | 6 | 0 |
| ,, ,, 342 Kommando 2A3 .. .. .. | 4 | 0 | 0 |
| | £6,553 | 11 | 6 |

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Natal-Bydrae: Totaal direk ontvang (deur Transvaalse kantoor) | 28 | 17 | 4 |
| O.V.S.-Bydrae: Totaal direk ontvang .. .. | 256 | 13 | 1 |

MOENIE OOR

DAMESJASTE

OF

HOEDE

PRAAT NIE

KOOP *DIT LIEWER VAN-UIT 'N PRAGTIGE VERSKEIDENHEID, NOU NET WEER ONTVANG, BY*

Steyns

Voortrekkerweg PAROW

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

## BLOEMFONTEIN VOLG OOK VOORBEELD

Die mooi voorbeeld wat deur die Brandwagte van Malmesbury gestel is, is gevolg deur die Hou Koers mans- en vroue-kommando's in Bloemfontein. 'n Saaltjie op die hoek van Zastronstraat en Tweedelaan is geopen en hierdie sentrale plekkie dien as die middelpunt van die kommando's se organisasie- en vergaderingswerk.

Elke Brandwag in die kommando's bring sy eie koppie en piering. Sommige bring 'n stoel of tafel wat miskien 'n oortollige meubelstukkie tuis is. Tee, koffie en koek word verkoop en daarmee help die lede om die lopende koste vir die maand te dek. Daar leer die Brandwagte mekaar ken en bly in noue voeling met mekaar.

Laat ons as Brandwagte mekaar opsoek in hierdie donker dae en die skakels hegter aan mekaar smee.

Malmesbury se Brandwagte, die Hou Koers-kommando van Bloemfontein roep julle toe: **Hou** die fakkels brandend! Baie dankie vir die voorbeeld.—(Vrystaatse Medewerker.)

Dans!!!

'N AFRIKAANSE-STUDENTE DANS WORD GEHOU

*Op 6de Augustus 1942*

in die

**Banketsaal — Stellenbosch**

om 8 n.m.

TOEGANG: Studente 4/6.
Publiek 6/-.

**Musiek deur: DIE STUDENTE-ORKES.**

**SASBANK**

**Verrig Volksdiens!**

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

***Terme uiters billik.***

***Raadpleeg* SASBANK**

**PAARL:— Posbus 266.**
**WORCESTER:— Posbus 57.**
**KAAPSTAD:— Posbus 2387.**

**DE KOCK se GARAGES**

**Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl.** | **Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.**

***Eienaar: D. D. DE KOCK***

**Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors**

***TOT U DIENS!***

**V.M.K. AANBEVEEL.**

**TE KOOP**

***Opreg en Suiwergeteelde***
WANGANELLA-SKAAP RAMME
FRIESLAND-BULLETJIES
en
GLADDEHAAR BOERBOK-RAMME

***Pryse Billik!!***

**Tevredenheid Gewaarborg.**

Besonderhede van:

**T. B. JORDAAN**

**P.S. Buffelsfontein, SOMERSET-OOS.**

## *Geklassifiseerde Advertensies*

***'n B A S A A R . . . .***
word gehou deur die Vroue-Kommando Bellville, in die
***Kerksaal — Bellville***
om 3 n.m. op 8ste AUGUSTUS.
Alles soorte Boere-lekkernye en handwerk.
OOK 'N PENKOP TAFEL.

**B A S A A R**
Ten behoewe van 8 AUG. FONDS word gehou in die
*Nasionale-Saal*
TIERVLEI
***Op 1ste Augustus 1942***
om 3 n.m.
In die middag sal daar Boeresport soos Jukskei wees.
VOLKSPELE IN DIE AAND.
***Kom Steun Ons Saak!***

### O.B.-FUNKSIE

**OP 8 AUGUSTUS** word 'n **funksie op die tentoonstellinggronde gehou** onder beskerming van die Kroonstadse O.B.-Kommando's, begin om **8.30 v.m.** Daar sal **jukskei, braaivleis en boerwors volop wees.** Die aand 'n opvoering en volkspele. **Dr. J. F. J. van Rensburg** sal by al die verrigtinge teenwoordig wees en sal die middag 'n toespraak hou.

### HUWELIK

ONS, mnr. en mev. **John le Roux** (geb. mej. G. T. Klue) van Uniondale, maak aan familie en vriende(inne) bekend dat ons stil in die huwelik bevestig is deur ds. Theron te Oudtshoorn, die 14de Julie 1942.

### TE KOOP

BOME: Geokkuleerde Pekaan-neutbome, Tung, vrugte en Rose. 20 jaar gevestigde besigheid. Bank: Volkskas, Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus.
**BUDMANSE EDENVALE KWEKERY, EDENVALE NATAL.**

### TE KOOP

AARTAPPELS! Goewerment sertifiseerde eerste na invoer. Canadian Green Mountain. Vanaf 1½ onse en groter, 27/6 per sak. Goed vir plant September—Oktober. Doen aansoek by **P. W. COETZER, Bus 49 of Bus 20, CRADOCK.**

### MIELIES TE KOOP

| | |
|---|---|
| Mielies (Gr. 5 en 6) .. .. .. .. .. .. .. .. | 16/- |
| No. 1 Gemengde Mieliemeel .. .. .. .. .. | 17/6 |
| Ongesifte Geel Mieliemeel .. .. .. .. .. | 16/6 |
| Geel Gebreekte Mielies .. .. .. .. .. .. | 16/9 |

V.O.S. Senekal. K.M.B. plus bankkoers. **SENEKAL MEULENAARS (Edms.) Bpk, Posbus 108, SENEKAL.**

### SOGGIES TE KOOP

8 GROOTWIT soggies ag weke oud. Uit vol geregistreerde ouers teen 30/- stuk gelewer Tarkastad stasie. S. P. Bekker, Kleinfontein, Tarkastad.

### KAROO KRAALMIS

BESTEL vroegtydig en wees verseker van aflewering. Karoo Kraalmis, fyngemaal, geskik vir die gebruik met Kunsmistoestelle **27/- per 11 sakke-ton. 10 ton en meer 26/-. In u eie sakke 17/-. Vry gelewer Unie-stasies.**
**J. A. SCHOEMAN, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.**

### BETREKKING GEVRA

HARDWERKENDE jong Afrikaner, getroud, 30 jaar oud, geen gesin, soek enige redelike betrekking in besihgeid, winkel, kantoor of plaas. 1931 gebatrikuleerd, 10 jaar ondervinding in kantoorwerk en gewoond besigheid doen. Sertifikaat in Boekhou, sertifikaat in Suiwel. Ander getuigskrifte van werk en ondervinding. Gewillig om 'n boerdery op te werk. Skryf dringend aan **C. D., P/a. ,,Die O.B.,"** Kamer 916, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

### BETREKKING GEVRA

JONG getroude man wat in onguns geraak het by sy werkgewers omdat hy O.B.-gesind is, soek Klerikale betrekking. 5 Jaar ondervinding. Tans besig met privaatstudie vir die graad B.Com. Doen aansoek by No. 1, Die Sekretaris, Posbus 668, Bloemfontein.

### KORRESPONDENSIEKURSUS

**AFRIKANERS LUISTER HIER!** — Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons Korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie salaris. Ons kursus is goedkoop en doeltreffend. Ons waarborg uitmuntende resultate. Ons spesialiseer ook in Natuurgenesing, Liggaamsbou, Skoonheidskultuur, Magnetiese Persoonlikheid en Energieboukursusse. Laasgenoemde kursusse word gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhde gratis van: **Unie-Boekhoukollege, Posbus 32, Alexandria.**